The small increase of R43 million in the seasonally adjusted money and near-money supply during the third quarter of 1976 was mostly a reflection of the sharp drop in the rate of increase in net claims of the banking sector on the government sector from the second to the third quarter of 1976, and of a reversal of the downward trend in long-term deposits of the private sector which had been in evidence from March up to July 1976. After having shown an exceptionally large increase of well over R600 million during the second quarter, net claims of the banking sector on the government sector, seasonally adjusted, rose more slowly during July and August and actually declined during September. Long-term deposits of the private sector, seasonally adjusted, rose by R176 million during August and September, after having decreased by well over R200 million during the first seven months of the year.

Against these factors which contributed to a lower rate of increase in money and near-money, the decline in the net gold and other foreign reserves of the banking sector was much smaller during the third quarter than during the second quarter of 1976. In fact, after having declined by over R800 million during the first eight months of the year, the net gold and other foreign reserves, seasonally adjusted, increased by R38 million during September. At the same time, bank credit to the private sector increased fairly sharply again during the third quarter (in particular during September), after having shown almost no change during the second quarter.

Bank credit to the private sector

After having peaked at the end of April 1976, total claims of the banking sector on the private sector, seasonally adjusted, decreased by over R150 million, or at an annual rate of somewhat over 5 per cent, during the four months up to the end of August. This decrease was largely accounted for by a decline in commercial bank discounts and advances. The marked increase of R158 million in the seasonally adjusted claims on the private sector during September was, in turn, largely

Changes in money and near-money





**Causes of changes in money and near-money, 1976**  
R millions

	Not seasonally adjusted			Seasonally adjusted		
	1st qtr.	2nd qtr.	3rd qtr.	1st qtr.	2nd qtr.	3rd qtr.
Net gold and other foreign reserves	-68	-468	-246	-37	-545	-187
Claims on government sector:						
Gross claims	244	236	75			
Government deposits (increase —, decrease +)	-248	579	-35			
Net claims	-4	815	40	368	638	162
Claims on the private sector	191	-46	196	106	5	152
Private long-term deposits (increase —, decrease +)	154	-28	-95	128	74	-147
Net other assets	-121	196	149			
<b>Total causes of changes</b>	<b>152</b>	<b>469</b>	<b>44</b>	<b>305</b>	<b>361</b>	<b>43</b>

accounted for by increased discounts, advances, and investments in private sector securities, of the commercial banks. This reversal in September of the downward movement of bank lending appears to have been associated with the provision of bank credit to companies experiencing cash flow problems in the generally unfavourable business climate and may also have reflected bank financing of import deposits. Preliminary data in respect of the five largest banks and their subsidiaries indicate that this tendency was continued during October.

*Excess liquidity of banking institutions*


After a temporary increase at the end of June, the excess liquidity of banking institutions reverted to markedly lower levels at the end of July and remained

relatively low at the end of August, September and October. The mild recovery during August mainly reflected a decline in the banks' short-term liabilities to the public from the end of June to the end of July.

**Excess liquidity ratios of banking institutions, 1976**  
%

	June	July	Aug.	Sept.	Oct.
Commercial banks	5,1	1,1	2,5	1,7	1,9
Other monetary banks	0,3	0,6	-0,2	1,3	1,3
Other banks	-0,1	1,6	0,5	0,7	0,9
All banks	3,4	0,9	1,5	1,5	1,6

**Surplus liquid assets of commercial banks, merchant banks and monetary hire-purchase and general banks**



*Money market conditions and interest rates*


Short-term interest rates, which were at high levels during the first seven months of 1976, declined almost uninterruptedly from August onwards. The discount rate on 3-month bankers' acceptances, for example, declined from 11,15 per cent recorded in August to 9,25 per cent on 19 November. The 3-month NCD rate similarly declined from 12,50 per cent at the beginning of August to 8,75 per cent on 5 November but then increased to 9,75 per cent on 19 November. The Treasury bill tender rate declined only marginally from 7,78 per cent on 6 August to 7,72 per cent during most of November.

Call loans with the discount houses increased from around R800 million during August to a record of R898 million on 28 October but declined somewhat during the first three weeks of November. The banks' voluntary cash reserves with the National Finance Corporation, which were at a high level during the first seven months of 1976, tended to decline somewhat from the middle of August, but then increased from the end of September.

Interest rates on deposits with banking institutions remained unchanged during the first ten months of



Money market interest rates




1976. Certain deposit interest rates (in the short-term category) were decreased by a number of banking institutions at the end of October and the beginning of November.

Government finance


Exchequer issues

The large increase of nearly 40 per cent in Exchequer issues during the first quarter of the 1976/77 fiscal year, i.e. from April to June, compared with those during the corresponding period of 1975, was followed by a moderate increase of only 4 per cent during the second quarter. For the first half of the fiscal year Exchequer issues were 20 per cent higher than for the

Receipts on and issues from Exchequer Account (excluding borrowing and debt repayment)



Deficit on the Exchequer Account (excluding borrowing and debt repayment)





first half of the preceding fiscal year. In order to limit expenditure, in accordance with Budget estimates, to an increase of about 13 per cent for the fiscal year as a whole, issues during the second half of the fiscal year will have to rise by not more than 5 per cent compared with the corresponding 1975/76 figure. During October 1976 Exchequer issues were only slightly higher than those in October 1975. Included in the higher issues during the first half of the current fiscal year were issues under the Defence Vote which rose by 37 per cent, loan funds to the South African Railways which increased by 50 per cent, and the cost of servicing public debt which was 60 per cent higher than during the first half of the preceding fiscal year.

#### Exchequer receipts

During the first half of the current fiscal year Exchequer receipts, excluding borrowing proceeds, showed a percentage increase of 13 per cent, compared with the corresponding period of the preceding fiscal year, which was slightly larger than the estimate of 11 per cent in the Budget for the fiscal year as a whole. Income tax and lease payments by gold mining companies during the first half of the fiscal year declined at a faster rate than anticipated in the Budget for the entire fiscal year. However, income tax payments by individuals and customs, excise and sales duties increased at higher than Budget rates. A substantial rise in income tax payments by companies (other than gold-mining companies) was recorded in the first quarter of the fiscal year, but the increase in these payments was noticeably smaller during the second quarter. This accounted mainly for the lower rate of increase in total income tax payments during that quarter, notwithstanding the higher personal income tax rates that came into effect.

#### Exchequer Account

Percentage change compared with corresponding period in preceding year

	April-June	July-Sept.	April-Sept.	1976/77 Budget
<b>Receipts</b>				
Customs, excise and sales duties	19,8	32,2	26,2	23,5
Income tax (excluding gold mines)	34,7	12,6	20,7	16,4
Income tax and lease payments by gold mines	-39,1	-25,4	-30,7	-22,1
Other inland revenue	14,4	-5,0	3,0	0,0
<b>Total</b>	<b>19,2</b>	<b>8,7</b>	<b>12,9</b>	<b>11,0</b>
<b>Issues</b>	<b>38,8</b>	<b>4,4</b>	<b>19,9</b>	<b>13,4</b>

#### Financing of the Exchequer deficit

Because of the high level of Exchequer issues during the first quarter of the current fiscal year, a substantial deficit (excluding borrowing proceeds and debt repayment) of R936 million was recorded on the Exchequer Account. Although the deficit was reduced to R290 million during the second quarter of the fiscal year, the deficit of R1 226 million for the first half of the relevant year was, nevertheless, large in comparison with the figure of R853 million for the corresponding period of the preceding fiscal year and the Budget figure (as adjusted) of R1 670 million for the current fiscal year as a whole. During October the deficit amounted to R196 million, bringing the total shortfall for the first seven months of the current fiscal year to R1 422 million.

#### Exchequer Financing

R millions

	1975	1976		
	April-Sept.	April-June	July-Sept.	April-Sept.
<b>Deficit</b>	<b>853</b>	<b>936</b>	<b>290</b>	<b>1 226</b>
Financed by:				
Foreign sector	144	6	92	98
Public Debt				
Commissioners	27	202	-11	190
Paymaster-General	170	120	90	210
Private non-banking sector	253	58	268	327
Monetary banking sector	259	550	-149	401
<b>Total</b>	<b>853</b>	<b>936</b>	<b>290</b>	<b>1 226</b>

The smaller deficit during the second quarter of the fiscal year, together with increased borrowing from the private non-banking sector, enabled the Treasury not to use bank credit in financing the Exchequer deficit. The Exchequer's net indebtedness to the monetary banking sector actually declined by R149 million during this period, whereas it had increased by R550 million during the preceding quarter. The larger borrowing from the private non-banking sector consisted of issues of National Defence Bonds, new issues of government stock and loan levy receipts. Other sources of finance during the second quarter of the fiscal year were the foreign sector and the Paymaster-General.

#### Stock and bond issues

On 28 September a new long-term government stock issue was floated at a yield to redemption of 11 per cent. Subscriptions amounted to R181 million, of which R40 million and R12 million represented subscriptions by the Public Debt Commissioners and the monetary banking sector, respectively. The private non-banking sector subscribed for the remaining R129 million, of which R100 million originated from insurers



and privately-administered pension funds and R25 million from private companies. Most of these amounts were received during October 1976 and are, therefore, not reflected in the above table.

A short-term stock issue with a yield of 8,75 per cent was offered for subscription on 15 November, at which date maturing stock of R24 million fell due for redemption. Subscriptions to the new issue amounted to R229 million, of which R209 million was subscribed by the monetary banking sector.

Up to the end of October investments in National Defence Bonds, available for subscription from 1 July 1976, totalled R72 million. Insurers and privately-administered pension funds subscribed R53 million and individuals R10 million. After a reasonably favourable response during the first month of issue when R52 million was invested, interest in the National Defence Bonds appeared to have declined and subsequently about R9 million was invested during August, R8 million during September and R3 million during October.


**Capital market**

Developments in the capital market during the four months July to October 1976 reflected the further tightening of market conditions which had started towards the middle of the year. Thus, long-term interest rates, especially security yields, increased, share prices declined and mortgage lending and real estate activity remained at a relatively low level.

*Fixed-interest security market*

In the fixed-interest security market there was a general increase in security yields during the period July to October and the early part of November. The yield on new issues of long-term government stock increased from 10,0 to 10,5 per cent in August and to 11,0 per cent in September 1976. The yield on new issues of the highest grade semi-gilt-edged stock increased from 12,10 per cent in June 1976 to 12,24 per cent in

**Security yields**





August, 12,80 per cent in October and 12,86 per cent in November. Because of these yield adjustments, the margin between gilt and semi-gilt-edged yields, which had widened from 1,35 per cent in December 1975 to 2,10 per cent in June, narrowed again to 1,85 per cent. At the higher yields a successful new issue of long-term government stock was made at the end of September and the latest issues of semi-gilt-edged stock were fully subscribed. It would appear, therefore, that at the end of the period under review investors' expectations of a further increase in long-term yields, which had been present in the market during most of the third quarter, largely disappeared. In accordance with the rise in gilt and semi-gilt-edged yields, the yield on new issues of company loan securities increased from 13,50 per cent in June to 13,75 per cent in July and subsequently to 14 per cent in November.

*Share market*


The share market remained depressed during the four months July to October 1976 and the prices of most classes of shares continued their downward movement. Notwithstanding a slight improvement in gold mining share prices during September, these prices and those of financial mining shares declined by 29 per cent and 24 per cent, respectively, during the relevant four-month period and reached their lowest levels since March 1973 and December 1971, respectively. Other financial share prices as well as industrial and commercial share prices registered declines that ranged from 11 to 19 per cent. Coal mining share prices continued to rise during the third quarter, but declined during October. Metal and mineral share prices, other than gold and coal, were slightly higher during the four-month period under review than during the first half of the year notwithstanding a declining tendency after July.

Reflecting the general trend in long-term security yields, the average dividend yield on all classes of shares increased from 8,4 per cent in June 1976 to 10,9 per cent in October. The yield margin between long-term government stock and ordinary shares narrowed from 1,6 per cent in June to just 0,1 per cent in October.

*Flow of longer-term funds to deposit-receiving and related institutions.*

The flow of longer-term funds to deposit-receiving and related institutions during the third quarter of 1976 was noticeably higher than during the first half of the year. The seasonally adjusted increase in building society shares and deposits during the third quarter amounted to R140 million, compared with a quarterly average of R126 million for the first half of the year. Savings and long-term deposits with banking institutions changed quite markedly. Compared with an average quarterly decline of R17 million during the first half of 1976, these deposits, seasonally adjusted, showed an

**Flow of funds to financial institutions**



increase of R165 million during the third quarter. The flow of funds to government savings facilities, mainly those of the Department of Posts and Telecommunications, also increased noticeably. New investments with participation mortgage bond schemes, however, were more or less maintained at the same level as in the first half of the year. Notwithstanding the larger flow of funds to the relevant institutions during the third quarter, the total for the first nine months of 1976 was still only 54 per cent of the corresponding figure for 1975.

*Mortgage and real estate markets*

Because of the higher inflow of new funds to building societies during the third quarter, new mortgage loans granted were slightly higher than the quarterly average for the first half of the year. However, new mortgage loans actually paid out continued to decline during the third quarter and the higher level of new mortgages granted will probably have its effect on the mortgage market only during the fourth quarter. Notwithstanding the increase during the third quarter, new loans granted during the first nine months of the year were 12 per cent lower than during the corresponding period of 1975.

The declining trend in real estate transactions since the beginning of 1976 continued into the third quarter. The seasonally adjusted value of such transactions during the third quarter was 11,6 per cent less than the quarterly average for the first half of the year.



# Kwartaallikse ekonomiese oorsig

## Algemene opmerkings

Die verskillende monetêre en fiskale beleidsmaatreëls wat gedurende die afgelope twee jaar deur die owerhede geneem is, het gedurende die derde kwartaal van 1976 'n gunstige uitwerking op die betalingsbalans en die Regering se finansies begin toon. Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans is in die derde kwartaal meer as gehalveer. Alhoewel daar 'n klein uitvloeiing van buitelandse kapitaal was, het die land se goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die derde kwartaal met 'n baie kleiner bedrag as gedurende die voorafgaande kwartaal gedaal. In werklikheid het die reserwes in September, Oktober en die eerste helfte van November 'n toename getoon.

Die lopende rekening van die betalingsbalans het gedurende die onlangse maande verbeter as gevolg van sowel binnelandse as eksterne ontwikkelings. Op die binnelandse front het die owerhede se korrektiewe maatreëls hul uitwerking begin toon en die reële bruto binnelandse besteding en derhalwe die volume van invoere verlaag. Daarbenewens het die instelling van die invoerdepositoskema in Augustus 1976 hierdie aanpassingsproses versnel. In die internasionale sfeer het die oplewing van ekonomiese bedrywigheid oorsee vanaf die tweede helfte van 1975 alreeds 'n gunstige uitwerking op Suid-Afrika se uitvoere gehad.

Alhoewel 'n verdere verbetering in die lopende rekening verwag kan word, veral as die onlangse stewigheid in die goudprys voortduur, kan daar gedurende die volgende jaar 'n kleiner netto invloeiing van buitelandse kapitaal as in die voorafgaande twee jare verwag word. Politieke verwickelinge in Suidelike Afrika sal natuurlik 'n belangrike invloed op die kapitaalvloeï na Suid-Afrika hê. Indien die netto kapitaalinvloeiing in die nabye toekoms op 'n laer vlak sou wees, sal die tekort op die lopende rekening ook kleiner moet wees, met 'n gepaardgaande laer reële groei-koers as wat moontlik sou gewees het met 'n hoër vlak van kapitaalinvloeiing. In sulke omstandighede sal spaarbewustheid in die algemeen en die skepping van 'n hoër vlak van binnelandse besparing aangewese wees.

'n Verdere gunstige uitwerking van die owerhede se korrektiewe beleidsmaatreëls was in die Regering se finansies in die derde kwartaal van 1976 te bespeur. Die totale tekort van die Skatkis (uitgesonderd lenings) het gedurende die derde kwartaal van 1976 nie alleen aansienlik gedaal nie maar die Skatkis het ook sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor verminder in vergelyking met 'n groot toename gedurende

die tweede kwartaal. Vir die regeringsektor as geheel was die toename in die netto skuldposisie teenoor die banksektor in vergelyking met die eerste en tweede kwartaal baie kleiner. Hierdie ontwikkeling het baie tot die vermindering in die koers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld in die derde kwartaal van 1976 bygedra — 'n belangrike doelstelling van die huidige monetêre beleid.

Die toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal het in werklikheid 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 2 persent bedra in vergelyking met 'n koers van toename van 18 persent gedurende die tweede kwartaal en 15 persent gedurende die eerste kwartaal van 1976. 'n Toename in langtermyndeposito's van die private sektor by die banksektor en 'n betreklik lae koers van toename in bankkrediet aan die private sektor het ook tot die verlangsaming in die koers van toename in die voorraad geld en kwasi-geld bygedra. Hierdie verlangsaming het plaasgevind nieteenstaande die feit dat die afname in die netto goud- en ander buitelandse reserwes in die derde kwartaal baie kleiner was as in die tweede kwartaal.

Ondanks die stram monetêre toestand het korttermynrentekoerse vanaf Augustus 1976 afwaarts beweeg hoofsaaklik in reaksie op die uitsonderlik hoë pieke wat gedurende die voorafgaande maande bereik is, 'n gebrekkige vraag na bankkrediet en verwagtings aangaande 'n moontlike verruiming in die geldmarktoestand as 'n gevolg van, onder andere, die verbetering in die betalingsbalans. Volgens die huidige amptelike rentekoersbeleid behoort rentekoerse nie toegelaat te word om in so 'n mate afwaarts te beweeg dat dit inflasie sal vererger en die kapitaalrekening van die betalingsbalans nadelig sal beïnvloed nie. In hierdie opsig sal die uitslag van die Regering se finansies gedurende die volgende paar maande van die grootste belang wees.

Die vernouing van die kapitaalmarktoestand teen die middel van die jaar het gedurende die derde kwartaal van 1976 voortgeduur. So het langtermynopbrengskoerse op effekte tot rekordvlakke gestyg, aandelepryse het gedaal en dividendopbrengskoerse het gestyg, en verbandlenings en vaste eiendomstransaksies het traag gebly. 'n Welkome ontwikkeling in die kapitaalmark gedurende die derde kwartaal was die opmerklike toename in die vloei van langertermynfondse na finansiële instellings, wat deels toe te skryf was aan 'n styging in persoonlike besparing as gevolg van 'n laer koers van toename in verbruiksbesteding.

Alhoewel die korrektiewe monetêre en fiskale beleidsmaatreëls gedurende die derde kwartaal van



1976 'n gunstige uitwerking op die betalingsbalans en die Regering se finansies begin toon het, was die inflasiekoers steeds op 'n onaanvaarbaar hoë vlak. Alle pogings om inflasie te beteuel sal derhalwe voortgesit moet word. Dit sluit in die beperking van die koers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld en derhalwe ook die koers van toename in die binnelandse kredietuitbreiding, insluitende die voorsiening van bankkrediet aan die regeringsektor, die beperking van owerheidsuitgawes en al die ander kort- en langtermyn maatreëls wat in die Anti-Inflasie Manifes vervat is. Dit is duidelik dat 'n voortsetting van die beperkende monetêre en fiskale beleid noodsaaklik is om hierdie doelstellings te bereik. Boonop het die betalingsbalans se aanpassingsproses nog nie ver genoeg gevorder om die owerhede in staat te stel om die huidige monetêre en fiskale maatreëls te verslap nie, alhoewel die vooruitsigte vir 'n voortsetting van die verbetering in die lopende rekening van die betalingsbalans uitstekend is.


Die beperkende monetêre en fiskale beleid, wat noodsaaklik is om die betalingsbalans te versterk en inflasie te beteuel, is natuurlik oor die kort termyn nie bevorderlik vir 'n hoër groeikoers en vermindering van werkloosheid nie. Die reële toegevoegde waarde van die nie-landbousektore van die ekonomie het in werklikheid gedurende die derde kwartaal van 1976 sy tweede opeenvolgende afname getoon. Desnieteenstaande word dit verwag dat die reële bruto *binnelandse* produk gedurende 1976 'n klein positiewe groeikoers sal toon maar dat die reële bruto *nasionale* produk vir die tweede opeenvolgende jaar 'n afname sal toon as gevolg van 'n verdere verswakking in die ruilvoet. In die lig van Suid-Afrika se ontsaglike natuurlike hulpbronne en die ekspansionistiese invloed van inkome-skepping deur groter uitvoere wat alreeds merkbaar is, sal die vooruitsigte vir 'n oplewing van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid gunstig word sodra die betalingsbalans voldoende verstewig het en die inflasiekoers tot 'n meer aanvaarbare vlak gedaal het.

Nasionale rekeninge

Bruto binnelandse produk

Alhoewel die totale reële bruto binnelandse produk, wat in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1976 gedaal het, in die derde kwartaal effens toegeneem het as gevolg van 'n aansienlike positiewe bydrae deur die landbousektor, het die reële toegevoegde waarde van die nie-landbousektore vir die tweede opeenvolgende kwartaal gedaal. In werklikheid het die koers van af-

Bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse





name in die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore versnel vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ongeveer 2 persent in die tweede kwartaal tot bykans  $2\frac{1}{2}$  persent in die derde kwartaal van 1976. Nie-goudmynbou was die enigste nie-landbousektor wat 'n opmerkbare styging in sy reële toegevoegde waarde getoon het, maar hierdie positiewe bydrae is meer as geneutraliseer deur afnames wat deur die konstruksiesektor en die klein- en motorhandel aangeteken is. Die reële inkome geskep deur ander sektore, insluitende belangrike sektore soos die fabriekswese, goudmynbou en die groothandel, het weinig verandering in vergelyking met dié van die tweede kwartaal getoon. Die verdere verslegting in die reële ekonomiese bedrywigheid in die nie-landbousektore kan toegeskryf word aan die daling in al die komponente van reële binnelandse besteding gedurende die derde kwartaal van 1976.



Met ramings van die nasionale rekeninge nou beskikbaar vir die eerste drie kwartale van 1976, wil dit voorkom asof 'n klein maar positiewe groeikoers in die reële bruto binnelandse produk vir die kalenderjaar 1976 verwag kan word. Nieteenstaande hierdie vooruitsig vir die reële bruto *binnelandse* produk, word verwag dat die reële bruto *nasionale* produk vir die tweede opeenvolgende jaar sal daal as gevolg van die verdere verslegting in die ruilvoet.

Die toename in die bruto binnelandse produk teen heersende pryse in die derde kwartaal was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n toename in die vergoeding van werknemers, in besonder van openbare owerhede, die S.A. Spoorweë en die Departement van Pos- en Telekomunikasiwese, wat gevolg het op die aanpassing van salaris- en loonskale met ingang 1 Julie 1976. In teenstelling hiermee het die bruto bedryfsurplus, wat in die tweede kwartaal skerp toegeneem het, in die derde kwartaal slegs effens gestyg aangesien die toenames wat deur die landbousektor en diamanthandel getoon is, gedeeltelik geneutraliseer is deur dalings wat deur die goudmynbou, konstruksie, en groot-, klein- en motorhandel aangeteken is.

#### *Afname in reële binnelandse besteding*

Al die hoofkomponente van totale reële binnelandse vraag, naamlik private en owerheidsverbruiksbesteding, bruto vaste investering en voorraadinvestering, het gedurende die derde kwartaal van 1976 gedaal. Teen heersende pryse het die bruto binnelandse besteding in die derde kwartaal die bruto nasionale produk met 'n aansienlik kleiner marge as in die tweede kwartaal oorskry, 'n ontwikkeling wat ook in 'n opmerkbare afname in die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël is. Die verbetering van die lopende rekening gedurende die derde kwartaal was gedeeltelik toe te skryf aan 'n skerp afname in die volume van goedere-invoere, wat op sy beurt weer verband gehou het met die afname in die reële bruto binnelandse besteding.

#### **Bruto binnelandse besteding teen konstante 1970-pryse**




#### *Afname in reële private verbruiksbesteding*

Die afname in die vlak van reële binnelandse vraag gedurende die derde kwartaal is gedeeltelik deur 'n afname in reële private verbruiksbesteding veroorsaak – die eerste werklike daling in hierdie komponent van reële binnelandse vraag wat sedert die vierde kwartaal van 1970 aangeteken is. Klein toenames in reële besteding aan nie-duursame goedere en aan dienste is



## Private verbruiksbesteding teen konstante 1970-pryse



meer as geneutraliseer deur afnames in reële besteding aan duursame en semi-duursame goedere.

Reële besteding aan al die hoofklasse van duursame en semi-duursame goedere, naamlik meubels en huishoudelike toerusting, persoonlike vervoertoerusting, ontspanning en vermaaklikheidsgoedere en klerasie en skoeisel, het gedurende die derde kwartaal gedaal. Dit wil voorkom asof die afname in reële beskikbare persoonlike inkome die belangrikste enkele faktor was wat vir die daling van reële besteding aan hierdie klasse goedere verantwoordelik was, alhoewel die merkbare afname in woningbou teen konstante pryse gedurende die derde kwartaal ook tot die verdere afname in reële besteding aan meubels en ander groot huishoudelike toerusting bygedra het. Die skerp afname van ongeveer 17 persent in die seisoensaangesuiwerde aantal nuwe motors verkoop gedurende die derde kwartaal kon op sy beurt, ook beïnvloed gewees het deur die hoër pryse van motorvoertuie, die verhoogde onderhoudskoste en die laer koers van vervanging van motorvoertuie as gevolg van die verlaagde snelheidspere wat op 'n besparing van brandstofverbruik gemik is. Die getal televisiestelle wat gedurende die derde kwartaal gelisensieer is, het met nie minder nie as 29 persent gedaal en is gedeeltelik 'n aanduiding van die mate

waarin die bestaande verbruikersmark vir televisiestelle versadig is.

## Afname in owerheidsverbruiksbesteding

Een van die uitstaande kenmerke van die nasionale rekeninge gedurende die derde kwartaal van 1976 was die opmerklike afname in die lopende besteding van die algemene owerheid, teen sowel heersende as konstante pryse. Hierdie daling staaf die algemeen aanvaarde siening dat die meer beperkende 1976/77-Begroting sy invloed eers in die derde kwartaal van die kalenderjaar sou laat geld. Nieteenstaande hierdie afname, was reële owerheidsverbruiksbesteding in die derde kwartaal nog 5 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande jaar en 11 persent hoër gedurende die eerste drie kwartale van 1976 as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1975. Aangesien hierdie toenamekoerse steeds aansienlik hoër was as of dié van die totale binnelandse besteding of bruto binnelandse produk of wat in die 1976/77-Begroting voorsien is, kan verwag word dat die huidige vlak van reële owerheidsverbruiksbesteding verder sal afneem.

Die afname in owerheidsverbruiksbesteding teen heersende pryse gedurende die derde kwartaal van 1976 was merkbaar by alle vlakke van openbare owerhede. Die verhoging in salarisse en lone wat met ingang 1 Julie 1976 aan werknemers van die openbare sektor toegestaan is, is meer as geneutraliseer deur 'n vermindering van besteding aan goedere en ander dienste.


## Verdere afname in reële vaste investering

Die reële vaste investering deur die openbare owerhede, openbare korporasies en die private sektor het almal gedurende die derde kwartaal van 1976 gedaal. Alhoewel totale reële investering vir die derde opeenvolgende kwartaal gedaal het, was die totale reële besteding gedurende die eerste drie kwartale van 1976 slegs 3 persent laer as die vlak gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1975.

Na 'n opmerklike toename gedurende die voorafgaande kwartaal het die reële vaste investering deur openbare owerhede gedurende die derde kwartaal van 1976 oor 'n breë front gedaal. Die enigste belangrike uitsondering was die reële vaste besteding van die Departement Pos- en Telekommunikasiewese wat effens toegeneem het vanaf die lae vlak wat in die tweede kwartaal van 1976 aangeteken is. Nieteenstaande die afname wat in die derde kwartaal getoon is, was die reële vaste kapitaalbesteding van openbare owerhede gedurende die eerste drie kwartale van 1976 steeds 10 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1975. Die afname vir die tweede opeenvolgende kwartaal in die reële vaste investering deur openbare korporasies kan toegeskryf word aan die gedeeltelike voltooiing van die Sishen-Saldanhaprojek en aan die gedwonge uitstel van besteding aan ander



## Vaste investering teen konstante 1970-pryse



projekte as gevolg van 'n algemene tekort aan kapitaal

Reële private vaste investering het gedurende die derde kwartaal van 1976 verder gedaal tot 'n vlak wat 16 persent laer was as die vlak wat in die derde kwartaal van 1975 bereik is. Vir die eerste drie kwartale van 1976 was dit 10½ persent laer as wat dit gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1975 was. Die afname wat in die derde kwartaal aangeteken is, is hoofsaaklik veroorsaak deur laer reële besteding deur verhuringsondernemings, die mynbou- en fabriekswesesektor en aan private woningbou. Die dalende neiging in die vaste investering deur die fabriekswese wat gedurende die eerste drie kwartale van 1976 waargeneem is, was nie onverwags nie in die lig van die lae vlak van binnelandse vraag, die bestaan van surplus produksiekapasiteit en die afname in die waarde van onvoltooide bestellings teen konstante pryse.

### Afname in die vlak van reële voorrade

In teenstelling met 'n volgehoue toename gedurende die voorafgaande vier jaar, het die boekwaarde van totale voorrade gedurende die derde kwartaal van 1976 min verandering getoon. Dit was bykans uitsluitlik toe te skryf aan 'n afname in die boekwaarde van handelsvoorraad — die eerste afname wat in hierdie tipe voorraad

gedurende die afgelope drie jaar aangeteken is. Die boekwaarde van nywerheidsvoorraad het 'n verdere klein toename getoon en die verhouding van voorraad tot verkope van die fabriekswesesektor het bykans onveranderd op ongeveer 86 persent gebly. Die verhouding van groot- en kleinhandelsvoorraad tot verkope het egter effens vanaf 'n betreklik hoë vlak van 77 persent in die eerste kwartaal tot ongeveer 73 persent in die derde kwartaal afgeneem.

Teen konstante pryse het die vlak van totale voorrade gedurende die derde kwartaal van 1976 verder gedaal en wesenlik bygedra tot die voortgesette afname in totale reële vraag en die afname in die volume van goedere-invoere. Nywerheids- en handelsvoorraad teen konstante pryse het weer eens die grootste bydrae tot die totale afname gemaak.

### Bruto binnelandse besparing

Bruto binnelandse besparing het in die derde kwartaal toegeneem tot 'n vlak wat ongeveer 7 persent hoër was as die gemiddelde kwartaallike vlak wat in 1975 behaal is. Nieteenstaande die toename in besparing en die afname in investering teen heersende pryse in die derde kwartaal, was die vlak van binnelandse besparing nog steeds onvoldoende om totale vaste en voorraadinvestering te finansier. Alhoewel die bedrag aan netto buitelandse kapitaal en goud- en ander buitelandse reserwes wat aangewend is om die tekort te finansier, nog steeds R1 070 miljoen teen 'n jaarkoers beloop het, was dit nietemin kleiner as in enige van die voorafgaande agt kwartale. Met die uitsondering van die lopende surplus van die algemene owerheid, wat vir die derde agtereenvolgende kwartaal 'n afname getoon het, het al die ander komponente van bruto binnelandse besparing, naamlik voorsiening vir waardevermindering, maatskappybesparing en persoonlike besparing, gedurende die derde kwartaal van 1976 toegeneem. Die vlak van die lopende surplus van die algemene owerheid was in die derde kwartaal van 1976 die laagste wat gedurende sestien opeenvolgende kwartale aangeteken is.



Konjunktuarneigings, arbeidstoestand en pryse


Die sikliese afname in reële bedrywigheid in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding het gedurende die derde kwartaal van 1976 voortgeduur. Die Suid-Afrikaanse volkshuishouding is nou vir 27 maande in die afwaartse fase van die konjunkturgolf, die langste resessionêre fase van die na-oorlogse tydperk, en byna dubbeld die gemiddelde duur van 14 maande van die voorafgaande nege afwaartse fases sedert 1946. In die Verenigde State en Japan was die duur van die mees onlangse resessie die langste, en vir die Europese Ekonomiese Gemeenskap was dit langer as die gemiddelde lengte van die afwaartse fases gedurende die na-oorlogse tydperk. Hoewel die intensiteit van die huidige afswaai in Suid-Afrika matig was vergeleke met dié wat deur meeste nywerheidslande gedurende hul mees onlangse afswaai ondervind is, is die aanduidings op die oomblik dat toestande in die nie-landbousektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die derde kwartaal van 1976 verder verswak het. Trouens, die reële bedrywigheid in die nie-landbousektore van die volkshuishouding het gedurende die derde kwartaal van 1976 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ongeveer 2½ persent gedaal, na 'n afname van ongeveer 2 persent gedurende die tweede kwartaal.

Arbeidstoestand

As gevolg van die volgehoue afswaai in die ekonomie en die verdere daling in die peil van reële ekonomiese bedrywigheid, het die arbeidstoestand gedurende die derde kwartaal van 1976 verder verruim. Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het byvoorbeeld vanaf 11 492 in Desember 1975 tot 13 368 in Junie 1976 gestyg en daarna verder skerp toegeneem tot 18 993 in Oktober 1976. Die laasgenoemde syfer verteenwoordig ongeveer een persent van die vergelykbare arbeidsmag. Alhoewel amptelike werkloosheidsyfers ten opsigte van Swart werkers nie beskikbaar is nie, is daar aanduidings dat werkloosheid onder hulle ook toegeneem het.


Gedurende die eerste twee kwartale van 1976 het werkverskaffing in die nie-landbousektore van die volkshuishouding nietemin nog onderskeidelik teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 2,1 en 1,7 persent gestyg. Hierdie koerse is egter slegs bereik as gevolg van verdere toenames in die aantal werknemers in diens van die sentrale regering, die Departement Pos- en Telekommunikasiewese, die handel en die mynbou. In alle ander sektore het die getal werknemers op ongeveer dieselfde vlak gebly of in werklikheid afgeneem. Bo en behalwe die sikliese daling in die werkverskaffing in fabriekswese en konstruksie, het die oortydure in hierdie sektore gewerk gedurende die eerste sewe maande van 1976 ook verminder. Oortyd-as 'n persentasie van gewone ure gewerk, het in die tweede kwartaal en Julie 1976 gedaal. Die vlakke wat in Julie in hierdie sektore

Konjunkturaanwysers





Arbeid



bereik is, was inderdaad die laagste sedert 1972. Gedurende die kalenderjaar 1975 was die gemiddelde reële salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore 3,6 persent hoër as die vorige jaar. Vir die eerste helfte van 1976 was die vergelykbare reële salarisse en lone egter 0,7 persent laer as dié van die ooreenstemmende tydperk van 1975.

Pryse

Die gemiddelde maandelikse verbruikers- en groothandelsprysindekse vir die eerste tien maande van 1976 was 11,3 en 15,4 persent hoër as dié vir die ooreenstemmende tydperk van 1975. In vergelyking met voorafgaande jare en met die huidige internasionale koerse van toename, is dit duidelik dat, nieteenstaande die laer inflasiekoerse wat gedurende die afgelope kwartale waargeneem is, die koerse van toename in pryse in Suid-Afrika steeds betreklik hoog is. Na 'n verlangsaming vir ses opeenvolgende kwartale tot 10,1 persent in die eerste kwartaal van 1976, het die jaarakoers van toename in die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks tot 13,3 persent

Pryse

Persentasiekoers van verandering

	Jaarlikse gemiddelde delde 1965- 1975	1972	1973	1974	1975	1976*
Verbruikers- pryse .....	6,3	6,5	9,5	11,6	13,5	11,3
Groothandels- pryse .....	7,3	8,1	13,2	18,0	17,3	15,4

\*Eerste tien maande van 1976 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1975.

in die tweede kwartaal gestyg voordat dit weer tot 10,8 persent in die derde kwartaal van 1976 gedaal het. Die hoër koers van toename in die tweede kwartaal was hoofsaaklik meegebring deur toenames in geadministreerde pryse en indirekte belastinge. Die seisoensaangesuiwerde koers van toename in verbruikerspryse vir die twaalf maande tot Augustus was 11,2 persent, tot September 11,4 persent en tot Oktober 11,1 persent. Uit 'n ontleding van die prysveranderinge van die betrokke komponente van die verbruikersprysindeks blyk dit dat toenames in huiseienaarskoste, die pryse van motorvoertuie en die prys van petrol veral opvallend gedurende die jaar geëindig 31 Oktober 1976 was alhoewel pryse van ander items, soos bediendelone, koste van wassery- en droogskoonmaakdienste en pryse van nie-alkoholiese drank ook skerp gestyg het. Die betreklik lae koers van toename in huur en voedselpryse, in besonder die pryse van vleis, groente, melk en melkprodukte, het gedurende die jaar tot Oktober 1976 'n beperkende uitwerking op die koers van toename in verbruikerspryse gehad.

Jaarlikse persentasiekoers van verandering van kwartaallike gemiddeldes van seisoensaangesuiwerde maandelikse prysindekse

	3e kw. 1975 tot 4e kw. 1975	4e kw. 1975 tot 1e kw. 1976	1e kw. 1976 tot 2e kw. 1976	2e kw. 1976 tot 3e kw. 1976
Verbruikerspryse .....	10,6	10,1	13,3	10,8
Goedere .....	10,1	11,0	14,1	11,4
Dienste .....	11,5	8,4	11,6	9,6
Groothandelspryse .....	19,0	12,7	15,3	15,5
Goedere geproduseer in Suid-Afrika .....	14,5	10,4	15,3	18,7
Ingevoerde goedere	33,2	18,8	15,3	7,1

Die seisoensaangesuiwerde indeks van groothandelspryse het teen 'n jaarakoers van onderskeidelik 15,3 en 15,5 persent in die tweede en derde kwartale van 1976 gestyg. Vergeleke met die ooreenstemmende



